

Internas Bediening 9



KK Kleingroep 10



Transkei WA 11



Lesotho Hoop 13



B.Ed. cum laude 16



Fonteyntjies borrel 18

Gemeentebblad

Jaargang 26: Tweede Semester 2026: Koninkrykstyid

Die Kerk se Dak[ke]

Die dak van Moederkerk het gedurende die nat winters van 2023 en 2024 begin lek. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die sementveselteëls op die dak poreus begin raak het en vervang moes word. Daarbenewens het die ikoniese eikeboom langs Moederkerk in Januarie 2025 tydens 'n stormwind omgewaai en wesenlike skade aan die dak en boonste muur aangerig. Tydelike herstelwerk is gedurende die eerste helfte van 2025 gedoen om verdere lekkasies te verhoed.

Dirk van Niekerk is vroeër vanjaar as projekbestuurder aangestel. Hy is die stigter van die konstruksimaatskappy Niekebou en was die afgelope 14 jaar voorsitter van die NGK sinodale eiendomskommissie. Moederkerk is bevoorreg om 'n persoon met sy ervaring en statuur as projekbestuurder te hê. Daarbenewens is Gert de Wet van ARC Argitekte as argitek aangestel. Hy het insgelyks wye ervaring van die sensitiewe res-tourasie van historiese geboue. Daar word beplan om Spaanse teëls te gebruik, wat ingevoer sal moet word. Soortgelyke teëls is dekades gelede op die dak van Moederkerk gebruik. Dalk sal sommige van die heel oudste lidmate hierdie teëls nog onthou.

Herstelwerk sal na verwagting in alle erns onmiddellik na die bouersvakansie in Januarie 2027 begin. Eredienste sal nog steeds tot ongeveer die einde van Maart in Moederkerk gehou word. Daarna sal eredienste vir ongeveer 2 maande na Kruiskerk verskuif terwyl Moederkerk aan die

[Vervolg op 2]

Hoe moet ons as Christene oor die Israeli-Palestynse Konflik dink?

Marthie Momberg bespreek haar boek

'n Skrale drie jaar gelede het min mense Israel krities beskou. Hamas se inval in Israel op 7 Oktober 2023 en die gebeure daarna het alles verander. Israel het heftig gereageer en wraak op die Palestynse bevolking as geheel begin uitgeoefen.

Die stryd tussen Israel en die Palestyne het aan die einde van die 19e eeu begin toe Theodor Herzl 'n staat vir Europese Jode wou vestig. Naas Pales-tina, het hy ook Argentinië en Uganda oorweeg. Dit was in wese 'n politieke projek. Godsdienste het geen rol in Sionistiese nasionalisme gespeel nie.

Palestina, destyds onder Britse beheer, was 'n land met uitvoerbedrywe waar Christene, Moslems, Jode, Druze en andere vreedsaam saamgewoon het. Herzl se plan is deur Groot Brittanje goedgekeur en die Europese immigrante het begin om grond op te koop. Sommige wou bloot inskakel by die Palestynse samelewing, maar Herzl, Ben Gurion en andere wou van die begin af die hele Palestina besit.

Toe hulle propaganda nie die Palestyne oortuig nie, het intimidasie en gewapende aanvalle gevolg en op 14 Mei 1948 verklaar Ben Gurion die staat Israel op 78% van Palestina se grond Teen daardie tyd was ongeveer 530 Palestynse dorpe,

Vervolg onder op 2

Hoofberig voortgesit

binne- en buitekante geveerf word en die matte vervang word.

Kerkhuis-dakprojek

Daar is onlangs vasgestel dat die grasdak van die Kerkhuis ook vervang sal moet word. Aangesien dit ook 'n historiese gebou is, moet hierdie projek deur Erfenis Wes-Kaap en die Stellenbosch Munisipaliteit goedgekeur word. Na verwagting sal die nodige goedkeuring voor die einde van Oktober vanjaar verkry word, sodat die grasdak reeds gedurende November vervang kan word. JNA Thatchers is alreeds as die kontrakteurs aangestel.

Orrelprojek

Dis al vir geruime tyd duidelik dat nood-saaklike herstelwerk aan die orrel gedoen sal moet word. Daarbenewens is dit wenslik dat die orrel met behulp van die jongste tegnologie opgegradeer word. Hierdie projek sal aan die einde van die Moederkerk dakprojek van stapel gestuur word. Intussen jubel die orrel elke Sondag onder Zorada se bedrewe vingers. Sien elders in hierdie blad die program vir die Orrelweek tydens die Toyota Woordfees.

Befondsing

Alhoewel 'n tender nog nie vir die Moederkerk dakprojek toegeken is nie,

beraam die bourekenaar dat die projek-koste ongeveer R12.5 miljoen sal beloop. Die koste van die Kerkhuis se dakprojek is ongeveer R900 000, terwyl die orrelprojek na verwagting R800 000 sal beloop. Die totale projek-koste is dus ongeveer R14.2 miljoen.

Moederkerk het aan die begin van 2025 'n dakfonds geloods. Danksy ruim bydraes deur gemeentelede, sowel as 'n aantal projekte soos die afgelope twee manne-aande, is die saldo van die dakfonds tans ongeveer R2.7 miljoen. Dit sluit ook die surplusse op die gemeentelike begroting van die afgelope twee jaar in. Daarbenewens het die Het Jan Marais Nasionale Fonds R2 miljoen bygedra. Die Rupert Historiese Huise-Stigting het ook onderneem om 'n ruim skenking te maak. Die balans sal uit die reserwefondse van die gemeente voorsien word. Gemeentelede is natuurlik welkom om verdere bydraes te maak.

Samevatting

Ons is hoopvol dat hierdie drie projekte voor die middel van 2027 voltooi sal wees sodat Moederkerk weer eens 'n sieraad en geestelike tuiste vir die gemeente en die dorp sal wees.

Niel Krige

Voorsitter, Finanskomitee

Voortgesit van bladsy 1. Sien ook onderaan bladsy 11

dorpe, die meeste stedelike gebiede en feitlik alle banke en natuurlike hulpbronne in Sionistiese besit. Sowat 85% van die Palestyne was onthoem of vlugteling.

Israel se oornam van Palestina, met so min as moontlik mense, het nooit gestop nie. Tog was Christene se simpatie meestal by Israel.

Sommige glo aan 'n eindtyd-teologie. Vir hulle is die Joodse staat die vervulling van Bybelse profesie en die onderdrukking van die Palestyne is deel van God se wil. 'n Mens wonder hoe hierdie Christene dié soort teologie aan die Palestynse Christene sou verduidelik.

Teologiese aansprake kan nie gebruik word om nasionalisme, onderdrukking, of eiendomsreg te regverdig nie. Die moderne staat Israel is nie die Bybelse Israel nie; die Israeli's is nie die Israeliete nie. Trouens, die meeste Israeliese Jode is nie Semities of godsdienstig nie en al hoe meer Jode kritiseer Israel openlik.

Die stryd tussen Israel en Palestina is ook nie 'n "konflik" nie. Dis 'n doelbewuste, sistemiese onderdrukking in die vorm van settlaar-kolonialisme, besetting, apartheid en volksmoord.

Voor God is alle mense gelyk. Waar daar sistemiese onderdrukking is, moet dit reggestel word. Binne die Gereformeerde tradisie en die NG Kerk is die konsensus dat God se genadeverbond deur Christus uitgebou is na ál die nasies. Ons keuse is tussen onreg en geregtigheid; tussen waarheid en propaganda; tussen Christus se boodskap van inklusiewe menswaardigheid en diskriminasie.

Daar is nog baie vrae, soos byvoorbeeld die volgende:

- Watter rol speel internasionale reg?
- Hoe verskil anti-Sionisme van anti-Semitisme?
- Hoe versoen 'n mens geregtigde simpatie met historiese Joodse lyding met kritiek teen Israel?
- Wat behels die profetiese teologie en pleidooie van Palestynse Christene?
- Wat sê Suid-Afrikaanse kerke, die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke en die Wêreldraad van Kerke oor die saak?

Om die geskiedenis, Bybelse interpretasies en die pad na ware geregtigheid en deernis beter te verstaan, kom na gesprekke by die NG Kerk Welgelegen, 8 en 29 Oktober

Stellenbosch

Moederkerk by die 2026 Toyota Woordfees

Van 3 tot 11 Oktober 2026 word Stellenbosch weer die kloppende hart van die Toyota Stellenbosch Woordfees — en soos in vorige jare speel die Moederkerk 'n prominente rol in die feesprogram, veral op die gebied van klassieke musiek- en lewensstyl. Die kerk se pragtige Romantiese orrel, kleurglas-vensters en historiese ruimte maak dit een van die gewildste feesvenues vir intieme, musiekryke byeenkomste.

'n Pers-fees!


KYK UIT VIR DIE PERS

Dwarsdeur hierdie blad plaas ons verskillende advertensies vir 'n hêle reeks geestesverrykende Moederkerk-gebeure.

Alles is in pers blokkies

Die berigte is saamgestel deur Zorada Temmingh

MARTHIE MOMBERG



WHY
THE PALESTINIAN STRUGGLE
IS A GLOBAL MATTER

naledi

Marthie se diep menslike onderhoude met Joodse Israeli's en Suid-Afrikaners toon waarom hierdie krisis ons elkeen raak. Haar boek sal by die gesprek op 8 Oktober om 18:30 te koop gebied word. Om die gesellige gratis geleentheid (met wyn of koeldrank) by te kan woon, skakel 021 886 5975 of scriba@stelwel.co.za. Die tweede gesprek is op 29 Oktober.

Aktueel 2

[illegible]

Goeie Nuus aan alle Fronte!

Aktueel 3



Bankbesonderhede
Stellumthombo NPC
Nedbank: (Bank code 107110, Swift: NEDSZAJT)
Acc no: 113 069 7630
Ref: Masandise Study Aid

Die armes is steeds met ons!

Stellenbosch Voedingsaksie se visie is om mense in nood op 'n menswaardige manier te voed ten einde hul lewenskwaliteit te verbeter.

Wat is menswaardigheid? Dit beteken dat elke mens inherent waarde het en met respek, eer en regverdigheid behandel moet word. Ook dat ons ander moet laat waardig voel ongeag hul velkleur, geslag, ouderdom of moeilike omstandighede.

hulpuitroep vir kos ontvang, is



om met deernis na elke versoek te luister. Ons verskaf dan hulp waar nodig volgens ons kapasiteit en deur behoeftige persone na ons voedingspunte te begelei. Die nood is inderdaad groot, veral met die uitdagende leemtes op verskeie terreine in ons land.

By 60 voedingspunte versprei oor 15 gemeenskappe, voorsien SA weekliks 12 500+ gebalanseerde maaltye aan meer as 5 000 persone in die breër Stellenbosch. Baie van die meer as 4000 kinders wat ons bedien, het soms min of geen voeding tuis nie.

SVA bedien laekoste, ekonomiese maaltye by vele voedingspunte ná skool, wat terselfdertyd ook dien as plekke van gemeenskap, waar die behoeftiges ook ondersteuning en respek vir hul menswaardigheid ervaar.

Vrywilligers speel 'n belangrike rol om hierdie werk

volhoubaar te kan maak met hul betrokkenheid, toewyding en mede-menslikheid. Ons uitgebreide platform bied per geleentheid ook ruimte om in ander behoeftes te kan voorsien waarvan ons bewus word, alhoewel die fokus hoofsaaklik Voeding bly.

Elke ete wat gedeel word, lewer 'n stille getuigenis van die krag van omgee en die verskil wat 'n georganiseerde, volgehoue poging ook bly maak.

Voedingsaksie vul steeds groot leemtes en dien steeds as stille getuigenis van wat 'n netwerk van omgee kan vermag. Nader ons gerus indien u wil help om 'n verskil te maak.

Liesel Koen

Projekbestuurder

Voedingsaksie@telkomsa.net
www.feeding-in-action



Gemeentebled Redaksie

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co.za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
0834618564
irenee@moederkerk.co.za

MOEDERKERK BY DIE WOORDFEES

5, 6, 7 Oktober

Resonans-gespreksreeks

Die Moederkerk bied al vir etlike jare 'n gratis diskoers-reeks met Johan van der Merwe as gespreksleier in die Netwerk24-diskoerstent aan. Vanjaar se reeks word telkens om 14:30 aangebied:

5 Okt: WIE PRAAT NAMENS GOD?

J vd M, Rudi Swanepoel, Heinz Winckler, Llewellyn MacMaster

Christelik Nasionalisme steek steeds soms kop uit. In die tagtigerjare het die kerk se profetiese stem hoogty gevier, hetsy in die fundering van apartheid of in die opponering daarvan. Met die munisipale verkiesings op hande, is die vraag weer: Wie praat namens God?

6 Okt: HOOG TYD DAT DIE WAARHEID OPSTAAN

Herman Wassenaar, Cas Wepener, Vasti Roodt, Stella Viljoen, J vd M

Is ons op pad na die einde van waarheid soos ons dit ken? KI en "Deep-fakes" laat die grens tussen eg en vals vervaag. As iemand sê: "Ek is die Waarheid" kan ons Hom nog glo?

7 Okt DIE GROOT STILTE

Chris van den Berg, Elmarie van Huyssteen, Barnard Steyn, J vd M

Is ons gedoem tot isolasie? Te midde van wêreldwye elektroniese verbindinge vereensaam jonk en oud, 'n werklike pandemie van alleenheid. Het die Kerk 'n antwoord?

**Bywoning in die
Netwerk24 Gesprekstent
IS DEURGAANS GRATIS
MAAR
BESPREEK BY
QUICKET**

STELLENBOSCH

MOEDERKERK

DROSTDYSTRAAT 2

7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458

FAKS: 021 886 4041

kantoor@moederkerk.co.za

www.moederkerk.co.za

Bedieninge 5



Geweld in ons dorp?

**Ds. Clive Jacobs, Emeritusleeraar:
VGK STELLENBOSCH,
CLOETESVILLE**

Cloeteville, Stellenbosch – dit klink skielik, as die name van die voorstad en dorp so sáám genoem word, asof dit net twee kilometers van mekaar verwyderd is, asof die twee gemeenskappe verskillende wêreld verteenwoordig. Stellenbosch, wêreldbekend as universiteitsdorp en toeristaantreklikheid met geilgroen wynlande – en Cloeteville, wat gebuk gaan onder ‘n daaglikse vloedgolf van bende-geweld, oor-en-weer-skietery, selfs helder oordag, en ‘n diepgewortelde vrees. Dis asof die ganse gemeenskap gevange gehou word, wagtend op die volgende sarsie skote.

Alle pogings – polities, kultureel, op sportgebied, ekonomies, sosiaal, geestelik, selfs ook kerklik – om hierdie gemeenskappe met mekaar te versoen, mekaar met begrip en respek, met deernis en geduld en liefde te bejeën, blyk onvoldoende en vergesog te wees.

Die deursnee-Stellenbosser word met agterdog en vrees vervul by die aanhoor van die naam “Cloeteville”. Geweld, moord en doodslag het die norm geword vir dié vuisvoos gemeenskap.

Die deursnee-Cloeteviller staan met trots en dapperheid hierdie hartseer verhaal van ons sestig jaar oue gemeenskap teë. Ons veg verbete en in diepe geloof en afwagting op ‘n beter bedeling, op goeie nuus, op uitkoms, op vrede. Ons wil nie minagting op neergesien word nie, ons wil uitstaan en met trots ons dorp verteenwoordig: polities, kultureel, op sportgebied, ekonomies en ook geestelik.

Ons besef egter maar alte goed dat die begin van hierdie opstaanstryd by onself ontspruit – dat ons ons eie lot in ons eie hande het. Daarom is ons hier. Daarom bly ons glo;

daarom heers daar ook onder ons vrede, liefde, samehorigheid – tussen dié wat hoopvol uitsien na ‘n dag van vrede – wanneer ons kinders met vrymoedigheid en huppelend skool en crèche toe kan stap; waar ouers sonder sorg in taxi’s kan klim om te gaan verdien en “dorp” toe te kan gaan om te gaan koop; wanneer gelowiges in vrede kerkbyeenkomste kan bywoon sonder om te wonder of hulle weer veilig tuis gaan aankom.

Om dit te kan bereik, of selfs net daaroor te dróóm, is vir ons as Cloeteville-gemeenskap ‘n ideaal wat ons in geloof en gebed nastreef – ons probeer om so “normaal” as moontlik voort te gaan met ons daaglikse bestaan. Ons is, en wil ook, te midde van ons omstandighede, sorgvry, veilig en vergenoegd lewe ... ons wil léwe ... maar ons weet *alleen* is dit vir ons as gemeenskap feitlik onmoontlik.

Ons het ons dorp nodig – ons het Stellenbósch nodig. Geweld, en, by name, bende-geweld, is besig om ons mense te vernietig, ons drome te ruïneer, ons pogings te laat misluk, en ons moedeloos en verslae te laat. Ons het nodig dat ons oor verskillende grense heen dringender en dieper kyk na hoe ons mekaar kan ondersteun: skole, geloofs-gemeenskappe, besighede, politici, nieregeringsorganisasies, staatsdepartemente, sportklubs – álmal.

Ons innige dank en waardering aan diegene wat, te midde van vrees, steeds uitreik – wat saam met ons bly glo en bly hoop. *Saam* kan ons ‘n groot impak op die toekoms van ons dorp maak; ons, wat uit die as uit opstaan – en julle, wat sáám met ons, “*ons*” word, en sy-aan-sy vorentoe stap.

Bid saam met ons vir vrede in Cloeteville! Julle is ons broers en susters in Christus!

•

●

- Zorada Temmingh** — Zorada se 40ste jaar as orrelis van die Moederkerk word gevier met marse uit die verlede en hede. Sy herroep twee marse uit haar CDs (“Vader, Seun, Heil’ge Gees” en “Abide with me”), en doen nuwe improvisasies op Halleluja-liedere: vanaf “...Die ou, ou tyding” tot “Voorwaarts...” Sy sluit af met ‘n vars improvisasie op ‘n versoek uit die gehoor. Zorada is sedert 2015 die vervaardiger van die Orrelweek .

Verslag deur Zorada



MANNE-AAND 2026

Redakteur.

[illegible]

Hierdie aand was tot eer van God!

Gemeentebld Multigenerasioneel 7

Kleurglasvensters van die Moederkerk

Op 4 Oktober (11:30), 7 Oktober (09:00) en 11 Oktober (11:30) (60 minute) neem Zorada besoekers op 'n begeleide toer deur die kerk se pragtige **kleurglasvensters**. Die vensters is kunswerke ryk aan simbole, en Zorada se nuwe blik op daardie simboliek ontsluit verrassende interpretasiemoontlikhede — veel meer as dié wat opgeteken is sedert die eerste vensters se installering ongeveer 50 jaar gelede. Besoekers stap saam van venster tot venster en ontdek 'n diepte van betekenis en inspirasie.

Eerste Lig

Op 6, 8 en 9 Oktober om 06:30 (45 minute, gratis) bied die Moederkerk 'n vroegoggend-ruimte vir stilword onder strelende orrelmusiek, terwyl die eerste lig deur die kerk se kleurglasvensters val. Besoekers kan 'n kersie aansteek vir 'n geliefde of 'n gedagte. Op Vrydag 9 Oktober word ook Nagmaal bedien, en die koffiestalletjie is elke oggend oop.

STOEPSTORIE

'n 1945 Plaaskuier

Kimberley, Augustus 1945. Die oorlog is verby en my pa kom na vyf jaar huis toe. Hy koop 'n klein Opel Kadet en in Desember ry ons Klein-Karoo toe sodat hy sy ma kan gaan groet. Dis ver en warm en ons kan nie die vensters oopmaak nie, want dis 'n gruispad en stof sal inwarrel. Die kordate Kadetjie takel walletjie op walletjie van die sinkplaatpad en met die afdaal, voel dit asof my binnegoed bollemakiesie slaan.

Uiteindelik maak my pa *Eensaam* se plaashek oop. Sy voete staan vir die eerste keer in jare op sy geboortegrond. Ons hou voor die afgewitte plaashuis stil. Geen stoep of blomtuintjie nie, net peperbome langs. Die trane vloei by die weersiens.

Daar is 'n waenhuis, 'n kleinhuise en 'n koelkamer met houtskoolwande. Ook 'n windpomp, 'n sementdam en 'n gronddam met helder water. Ek stap lekker deur die water totdat my pa roep: "Pasop dat die krappe nie jou groottoon gryp nie!" Woerts is ek uit die water!

Ek mag die slinger van die roomafskeier in die

kombuis draai en verwonder my aan die stroompie room wat by die dun pypie en die dikker stroom melk wat by die dikker pyp uitstroom. Op 'n tafeltjie langs staan 'n emmer brakkerige drinkwater en 'n paar blikbekers.

Die skadu's teen die muur wanneer die lamp met aandete aangesteek word, betower my. Ons smul aan die varsgebakte plaasbrood met geel plaasbotter en vye konfyt en die oorskiet bokvleis van die middagete.

Na 'n ontbyt van mieliepap met suiker en botterklonte en melk sit my ouma en my ma in die koelte van 'n peperboom en perskes skil. In die boord 'n entjie van die huis af is daar amandels en die soetste perskes, appeltjies en vye. Elke jaar nadat die vrugte gedroog is, kry ons 'n suikersakkie droë vrugte en amandels per trein.

Die lekkerste lekker is om laatmiddag vir die hanskokkie sy bottel melk te gee. Ek kry ook 'n groot gouestroopblik met mielies om vir die pluimvee uit te strooi. Van skrik laat val ek die blik op die grond wanneer 'n gans my aan my maagvel gryp. My pa wys my hoe jy 'n kalkoen doodstil kan laat sit as jy 'n sirkel met 'n stok rondom hom trek.

Die kuier is té gou verby. Ouma staan voor die deur en wuif wanneer ons wegry. Ons sou haar nooit weer in lewende lywe sien nie.

Annette Strauss

HOU DONDERDAGAANDE OOP!

Werkende Jong mense woeker!

Op verskillende plekke in die wêreld word daar tans met belangstelling kennis geneem van jong volwassenes se hernieuwde belangstelling in geloof en kerklike gemeenskap. Ook hier by ons is dit opmerklik dat al hoe meer jongmense, en veral jong volwassenes, op Sondae ons eredienste bywoon. Dit is 'n beweging wat ons met groot dankbaarheid raaksien en wat ook in die Jong Volwassene-bediening sigbaar word.

Op 'n Donderdagaand kom jong werkendes van dwarsoor Stellenbosch by JV Grootgroep om 'n tafel bymekaar. Ons lees die teks vir die komende Sondag, gesels daaroor en bid saam. Dit is 'n eenvoudige ritme waarin daar oor tyd iets

kosbaars gebeur. Mense leer mekaar ken, deel iets van hulle lewens en ontdek hoe geloof ook in die gewone week gestalte kry.

Daar is ook kleiner groepe wat deur die week bymekaarkom en ruimte maak vir dieper gesprek en saamwees. En natuurlik kuier ons ook! Soms is dit pizza by Spice Route, soms koffie ná kerk, en soms bloot 'n geleentheid om saam te eet en lekker te gels.

In 'n wêreld waarin soveel van ons lewe toenemend aanlyn en op 'n afstand gebeur, is daar iets besonder daaraan om fisies rondom 'n tafel te sit. Dis 'n vreugde om saam te eet, saam te lag, mekaar se stories te hoor en stadigaan name en gesigte te leer ken.

En dan gebeur iets moois op 'n Sondagoggend: jy stap by die erediens in en die mense rondom jou is nie meer vreemdelinge nie. Jy ken hulle. Jy het saam met hulle geëet, gebid en gelag. Sý begin 'n gemeente al hoe meer soos 'n *gemeenskap* voel.

Angelique Havenga.



Kerkwees – ook in die klein

Op 'n Sondagand kan Kruiskerk 'n groot plek wees, met baie gesigte en stemme wat saam sing, luister en aanbid. Maar deur die week word die kerk op allerhande plekke in Stellenbosch kleiner wanneer studente in koshuiskamers en woonstelle rondom 'n Bybel bymekaarkom.

Hier word verder gesels oor die teks van Sondag, vrae gevra en iets van die lewe met mekaar gedeel. Daar word saam gedink oor wat geloof te midde van 'n gewone week op kampus, in 'n koshuis of woonstel, tussen klasse, vriendskappe en alles wat die studente vol maak, beteken. En daar word saam gebed.

Elke Dinsdagoggend om 07:00 kom studente ook by Grootgroep bymekaar om die week se teks saam te lees en daaroor te gesels voordat die dag behoorlik begin. Grootgroep vorm deel van dieselfde ritme van saam lees, luister en geloof beoefen wat deur die week in die kleiner groepe voortgaan.

Agter hierdie kleingroepe staan 'n besondere groep studente wat bereid is om week ná week leiding te neem en vir ander ruimte te skep. Aan die begin van elke jaar bied ons daarom

opleidingsgeleenthede vir kleingroepelidings aan. Renier van Schalkwyk en Anke Liebenberg dien as ons kleingroepkoördineerders en help om, saam met my, hierdie netwerk van groepe te koördineer, begelei en ondersteun.

Tussen die baie mense van 'n Sondagand het ons ook kleiner ruimtes nodig waar mense mekaar se name en stories leer ken en saam deur die lewe en geloofsvrae kan stap. Dit is die geskenk van kleingroepe: dat 'n groot **gemeente** deur die week klein genoeg word om **gemeenskap** te vorm.

Angelique
Havenga
0710896769



67 Jaar van diens, liefde, pret en toewyding



Transkei Werkersaksie (TWA) is Kruiskerk se oudste studente-uitreik. Sedert die laat 1950's reis studente elke Junie-Julie-wintervakansie na Canzibe, 'n klein dorpje in die hart van die Oos-Kaap. Hier werk die span hand aan hand met 25:40, 'n geregistreerde nuwingsgewende organisasie, om kwesbare kinders met die liefde en hoop van Christus te ontmoet.

Vanjaar het 25 studente weer hulle bekende omgewing verruil vir die geleentheid om te dien. 'n Besondere fokus was die mense van Canzibe



self: om in hulle Xhosa-kultuur, taal en leefwyse te deel. Deur saam sokker en netbal te speel, huis-besoeke af te lê en om saam aan tafel te sit, is ons opnuut herinner dat taal- en kultuurverskille ons nie werklik van mekaar hoef te skei nie.

TWA bestaan uit 'n kinderbedieningspan en 'n bouspan.

Die kinderbediening het weer 'n winterskool aangebied waar kinders kon speel, leer en lag. Met die reënboog as tema het elke kleur 'n eienskap van God se karakter verteenwoordig. Die program het ook op Wiskunde- en Engels-vaardighede en kreatiewe aktiwiteite gefokus, met natuurlik baie speel en dans.

Die bouspan fokus op die praktiese behoeftes van die gemeenskap en het vanjaar behoorlik hande uit die mou gestee. Hulle het sementvloere in die nuwe



Links en bo: Herstelwerk by die vaardigheidsentrum

klaskamers gelê en die nodige herstelwerk daar gedoen. By die vaardigheidsentrum het die span 'n nuwe hek aangebring en die dakkappe toegemaak, asook 'n fontein oopgegrawe wat in die toekoms water aan die kerkhuis sal voorsien. Die kern van TWA bly eenvoudig: om met harte én hande te dien.



Sementvloer wat gelê word

Onder leiding van Wikus en Carina van der Walt het TWA 2026 vir die 68ste keer gewys dat, wanneer ons bereid is om te gaan, te dien en werklik mense te ontmoet, daar aan beide kante diep spore getrap word.

Carina Coetzee



TWA-toerleiers 2026



Atlete vir Christus se 2026 tog

Ons maak ons los van wat agter is en strek ons uit na voor. Dis die woorde van ons Atlete-lied wat soveel betekenis dra. Vanjaar het ons spesifiek gefokus op stories. Elke spanlid het opgedaag met sy of haar eie storie. Daar is baie stories vertel en baie stories ontvang op ons reis van Saldanhabaai tot

in Hartenbos. Stories wat so baie beteken het, nie net vir die span nie, maar ook vir die mense wat ons langs die pad ontmoet het.

Die atlete kon tot eer van die Here draf, op vroeë, koue oggende onder die sterre, terwyl die sangspan in die gemeentes wat ons besoek het, die Here se naam in lofprysing en aanbidding groot gemaak het. Ons persoonlike werkers met hul dienende hande het weer die span geestelik en fisies ondersteun. Dit alles is deel van die storie wat geskryf is en nou vertel word om van God se groot genade te getuig.

Tydens ons reis op die Karoo-stofpaaie, is elkeen uitgedaag en uitgenooi om die reis saam te hardloop. Dit was 'n groot voorreg om deel van hierdie Atlete-vir-Christus-wedloop

van 2026 te kon wees. Ons het

dorpie en mense ontdek en leer ken, en in die eenvoud van ons toerlewe, in die hardloop, sing en gesels het ons iets van God se vrede én van onself ontdek.

Ons was in ouetehuse, tronke, ons het in die strate ingevaar by dorpie, Bybels uitgedeel en orals waar ons gegaan het, het ons die krag van God ervaar. In die teenspoed en die voorspoed. Selfs al sou ons waentjie (Hettie) breek, en atlete beserings opdoen, die koue Sutherland-lug van ons sangspan se stemme kom eis, in alles was Hy getrou. Die doel van dit alles: *Aan Hom Ons Eer*.

Nou is Atlete vir Christus deel van

ons elkeen se getuigenis, asook deel van die lewens van mense langs die pad. Dit was 'n groot voorreg om die liefde en gasvryheid van elke gemeente te ervaar: 'n heerlike bord kos, 'n bedjie om in te slaap en die liefde waarmee hulle ons weer na die volgende, en die volgende, en die volgende gemeentes uitgestuur het. Ons kan getuig dat Jesus se liefde met elke tree sigbaar was, van die ouetehuse, tronke, elke kind langs die pad en ook die omhelsende hande van ons gasouers.

Van ons eerste naweek in Saldanhabaai, tot in Hartenbos, het God getrou gebly en vir elke een sy genade en liefde kom wys. Atlete vir Christus het ou stories in ons geheues kom herroep en vir sommige van ons weer die weg gebaan om stories te herskryf en te gaan oorvertel. Ons strek ons nou uit na voor om verder te hardloop en steeds van God se liefde te getuig. *Aan Hom Ons Eer!*



Berig deur Karla Rossouw en Leilani van Niekerk (spanlede)

Die Lesotho Hoop Projek

Berig deur Jurie Pienaar

Wat is die Lesotho Hoop Projek? Dit is om saam met ander gelowiges te gaan stilraak sonder enige wêreldse afleidings, om jou eie geloof te gaan ontdek, bou, ontleed, belangrike vrae te vra en 'n gemeenskap te gaan bou saam met vriende wat familie sal word.

Tussen al die wonderlike herinneringe en Bybelstudiesessies is daar darem ook hard gewerk by Growing Nations. Mielieland op mielieland is met die hand geoes, herstelwerk is gedoen en, tot die frustrasie van die dames, is daar nuwe “bunkbeds” in hulle slaapkamer gebou om die slaapgeriewe in die ou *mission*huis nuwe lewe te gee.

Met so 'n pragtige uitsig oor die berge en almal se samewerking, het vanjaar se span

besonder baie reggekry.

In ons samelewing is tyd so waardevol. Om jou tyd te gaan opoffer vir die Here en vir van Sy kinders in Lesotho gee jou nie net 'n nuwe perspektief op die lewe nie. Dit gee jou 'n gevoel van vervulling saam met 'n nuwe lus om die Here se liefde met ander te gaan deel.

Ons deel graag van ons spanlede se ervarings, want hulle het hulle indrukke van vanjaar se uitreik so mooi opgesom:

“Nooit het ek gedink ek sal die koue wat die berge vasgevang het, mis nie, nooit het ek gedink my tranes van geluk sal deel vorm van die riviere in Lesotho nie, nooit het ek ooit die Here se liefde verstaan soos hier nie.”

“Wat 'n voorreg om die Here te mag ken

deur mekaar, deur die drukkies en skaterlag van 'n kind, en deur die natuur wat sing van Sy glorie.”

“Sjoe, dat 'n plek so baie vir 'n mens kan beteken. Dit is die mooiste plek op aarde, maar nie 'n “mooi” wat mens kan vasvang nie. Dis 'n mengsel van so baie vreugde, oor-weldigende vrede, oneindige liefde en dan: die mooi berge, natuurlik!”

Dit is soms moeilik om die grootheid te kan omskryf, en net te kan opsom hoe betekenisvol so 'n uitreik saam met die spanlede, mense in Lesotho en oom August (Basson) kan wees. Lesotho Hoop Projek sal vir ewig 'n baie spesiale plekkie in almal wat al daar was, se harte hê!



Kruiskerk
Kronieke 13





Sambo (skuilnaam) is sedert 2022



deel van die Masandise-program en is 'n besondere jong man met groot drome en nog groter deursettingsvermoë. Hy het in Kaymandi grootgeword en was 'n

sterstudent aan sy hoërskool, waar sy harde werk en toewyding reeds duidelik sigbaar was. As eerste-generasiestudent het hy uitdagings in die gesig gestaar wat baie jongmense sou afskrik, maar hy het

telkens bewys dat hy bereid is om alles te gee om 'n beter toekoms vir homself en sy familie te bou. Met Ilse as sy mentor ontvang hy leiding en ondersteuning om sy potensiaal ten volle te kan ontwikkel.

Tans loop Sambo B.Com Bestuursrekeningkunde en werk hy terselfdertyd by Nando's om te kan bydra tot die koste van sy studies. Masandise ondersteun hom met 'n voedsel-toelaag, wat help om een van sy grootste uitdagings as student te verlig. Ten spyte van die druk van studies en werk, bly hy gefokus en vasberade om akademies suksesvol te wees. Hy ervaar tans 'n terugslag nadat sy skootrekenaar gesteel is, wat sy studies bemoeilik, maar selfs hierdie uitdaging het nie sy positiewe ingesteldheid gebreek nie.

Wat Sambo besonders maak, is sy geloof in sy eie vermoë om bo sy omstandighede uit te styg. Hy sien elke struikelblok as 'n geleentheid om sterker te word en elke sukses as 'n tree nader aan sy doelwitte. Sy optimisme, werksetiek en vasberadenheid maak hom 'n student met besondere potensiaal.



2026

Met die ondersteuning van Masandise, die begeleiding van sy mentor en sy eie deursettingsvermoë, is daar geen twyfel dat Sambo op pad is om 'n suksesvolle loopbaan en betekenisvolle lewe vir homself te bou nie.

Die foto's wys hoe hierdie jong seun 'n selfstandige jongman geword het.

Dankie, Gemeente!

I de K

[illegible]

Slaag B.Ed cum laude, maar Akhanya kry nie 'n Onderwyspos nie



In November 2022 was daar sowat vier openinge vir nuwe kandidate vir Masandise Studiehulp. Masandise voorsien studente van kos- en vervoergeld, maar, nog meer belangrik,

vanraad te gee. Ek het gaan werwing doen by Makapula Sekondêr in Kayamandi. Een van die kandidate was Akhanya Hazel Booï, 'n isiXhosa-sprekende dametjie met 'n Afrikaanse van. Sy is stil, beskeie en begeesterd om te gaan skoolhou.

In Januarie 2023 het Akhanya uitstekende punte in Matriek behaal en sy is as B.ED kandidaat, op die Rosebank-kampus van KSUT (die ou Rosebank Onderwyskollege) aanvaarmet as haar spesialiteitsbelangstelling grade drie tot sewe.

Akhanya was stil en beskeie, maar haar haar punte was van die begin af uitstekend. Toe sy in Kayamandi geproef het, kon 'n mens sien die kinders is lief vir haar. In haar tweede jaar is sy na 'n ander koshuis geskuif en dit was vir haar 'n nuuttjie dat haar nuwe kamermaat nie isi-Xhosaprekend was nie. Teen die einde van daardie jaar het sy besluit om *self* Afrikaans as ekstra vak te loop, want, het sy gesê: “*I must be able to communicate*

with all the pupils in my classes."

Tot haar groot teleurstelling sak sy toe Afrikaans in haar derde jaar, maar ek het haar getroos met “*You know 42% more Afrikaans than when you started.*” Ek het haar van Afrikaanse storieboeke voorsien, wat sy met behulp van ’n woordeboek deurgewerk het. Ek het haar aangemoedig om dit hardop deur te lees, en om na die Afrikaanse radio te luister.

“En het dit toe gewerk?” vra my lesers. Einde 2025 slaag Akhanya Hazel Booï Afrikaans met 62% en behaal haar B.Ed-graad met lof, met bo 80% in die meeste van haar vakke. Sy besluit om Honneurs in Onderwysadministrasie te loop, maar hoop om terselfdertyd ook skool te hou. Dis nou al September, maar sy kry nie ‘n pos nie. Sy kom uit ‘n stabiele huis en haar ma het werk. Sy soek nou maar enige werk, net om te kan oorleef. As iemand vir haar *enige soort* deeltydse werk het, skakel haar asseblief by **0634076403**.

JMC



Pandi se Nag van Vlamme

Oornag hospitaal toe vir behandeling teen rookinaseming (foto hiernaas) was Pandi Mojodola (skuilnaam) en haar agt huismaats se voorlandnadat hulle in die nag van 22 tot 23 Augustus wakker geskrik het om hulle kamers in ligte laaie te vind. Hierdie verblyf was in 'n privaatlosieshuis knap buite die kampus van die Durbanse Universiteit van Teg-nologie waar Pandi baie goed vaar in haar tweede-jaarstudie vir B.Ed in Hoër Tegniese Onderwys.

Soos die foto hieronder toon, is daar niks van Pandi se kamer en dié van haar huismaats oor nie. Ook nie van hulle besittings nie.

Pandi is die student wat vir haar Masandise mentor gesê het dat al wat haar pa vir haar nagelaat het, is sy armoede. Masandise het haar in 2024 met liefde as voogling ontvang. Eers het sy voorbereidende onderrig in rekenaargebruik by Stellumthombo ontvang, en 'n klein toelagie het haar in staat gestel om aansoeke na universiteite landwyd te kan uitstuur. Sy is aanvaar om B.Ed. in Tegniese onderrig met Wiskunde en Siviele Ingenieurswese Ingenieursvakke op die Pietermaritzburg-kampus van die DUT te volg. Sy het in haar eerste jaar goed aangepas en die kursus en koshuislewe geniet. Van die begin af was haar punte goed. Sy kon in die tweede semester by 'n tegniese skool in die Ooskaap skool gaan proef en

selfs soms naweke huis toe gaan. Begin 2026 word sy in privaatlosies uitgeplaas, steeds met 'n NSFAS-beurs. Vanjaar het die proeftydperk vroeg in Junie begin en dwarsdeur die wintervakansie voortgegaan.—'n Wiskunde-winterskool vir matrics. Pandi was in haar element. Die onderwys is haar ware roeping, en sy voel geïnspireer. Middel-Julie keer sy na PMB terug

Middel-Augustus werk sy hard vir die toetsreeks wat byna op hande is. In die nag van 22-23 Augustus laat een van haar huismaats 'n verwarmers oornag in haar kamer brand en gaan slaap toe. Haar kombers val in die nag van haar bed af en raak aan die brand. Teen die tyd dat iemand dit gewaar, is eers die een kamer en daarna die hêle huis— vloer, mure, dak, alles van hout—'n vlammenagmerrie. Pandi ontsnap met net haar selfoon en nagklere, met 'n kort baadjie bo-oor.

Dit is al wat sy oor het. Niemand anders het méér oor nie. Die inwoners word oornag in die hospitaal vir rookinaseming behandel en seker ook dat hulle darem iewers oornag kan slaap.

Vroeg Sondagoggend lui haar Masandise-mentor se foon. Pandi vertel wat gebeur het en stuur verskeie kort videotjie's van die vlamme-inferno. Die foto hiernaas is 'n "stilfoto" uit die video wat Pandi van buite haar kamer geneem het.

Later daardie dag stuur sy nog 'n foto van die uitgebrande gebou: Binne hang daar een verskroeiende handdoek teen die swartgerookte muur; verder is daar niks oor nie. 'n Video-stappie deur 'n lang gang sonder vloerplanke, net verkoolde balke onder die fotograaf se voete, met die blou lug wat deur die afgebrande dankbalke wink, toon die omvang van die skade.

Tydlike slaapplek word vir die haweloses verskaf en binne 'n dag vind die huisbaas vyf kamers (wat die nege stuks moet deel) in 'n gemeubileerde woonstelgeboutjie, nege van hulle in vyf kamers. Dis tydelik, maar dis iets. Later moet sy haar toetsreeks sonder haar bril aanpak

Pandi se Masandise-mentor het reeds daardie oggend R1000 elektronies vir haar oorgeplaas (later teruggeëis van die Skriba) waarmee sy haar darem kon klee en die noodsaaklikste toiletware en kos kon koop. Later volg nog R500, asook geld vir 'n sakrekenaartjie. Met haar maandelikse Masandise-toelaag koop Pandi self 'n tekenbord en -instrumente. 'n Ander Masandise mentor bestel 'n skootrekenaar van 'n firma in Johannesburg, wat gou by haar afgelewer word. Danksy die Groot Masandise Uitdaging (geldinsamelingveldtog), kon ons dit darem bekostig. **Dankie, Gemeente!**



Die mentor het daardie eerste Sondagoggend vir ds Irénée gebel en ook van Pandi se rampfoto's vir hom geWhatsApp, en daardie Sondagaand doen hy 'n aankondiging in die Kruiskerk. En van daardie Maandagoggend af kom daar pakkies klere by Venita in die Khaya aan. *Dankie, alle skenkers!* Masandise kon sover al drie groot pakke geskikte studenteklere vir Pandi en haar maats aanstuur en hulle lewens begin nou normaliseer.

Hierdie onverwagte uitgawes kos by die R30 000 bo ons normale begroting. Maar God voorsien altyd

'n Nuwe musiekavontuur vir kinders Fonteintjies wat borrel!



Byna al om die ander Sondag tydens Kinderkerk gaan ons doelbewus liedjies uit die Liedboek (2001) leer, asook ander liedjies wat kinders en ouers sal help om tuis te voel in die klassieke erediens. Die meeste Vrydae omstreeks 17:00 is kinders en ouers welkom om saam te kom sing by Rowanstraat 34B, vir so 40 minute lank.

Die mooiste instrument

Die mooiste instrument is 'n kind se stem en die mooiste klank is kinders wat mooi saamsing— 'n voorsmakie van die hemel? Daar is soveel geheimenisse in klank: 'n mooi klank kan soveel emosie opwek, kan soveel meer sê as net woorde ...

In die eerste boek van C.S. Lewis, *Chronicles of Narnia*, skep Aslan die nuwe Narnia-wêreld met *klank*—dis so 'n mooi metafoor. Hoe het dit *geklank* toe God geskep het? Alles in die Skepping vibreer letterlik tot Sy eer.

Skatkis van liedere

Ons kerk het 'n skatkis vol liedere, sommige met die mooiste verhale, gebore uit tye van vervolging en diep geloofs-oortuiging; kinders moet dit leer waardeer, al is hul nog baie klein. Die klassieke kerkmusiek is 'n



taal: die beste tyd om dit te leer is van geboorte tot 3 jaar—onderskat geen kind nie! Geen musiek (Bach tot Shostakovich) of taal (selfs Chinees) is vir hulle te swaar of moeilik nie. Bring hul na die klassieke erediens toe ... hul gaan dinge hoor, sien en voel wat volwassenes nie eers weet bestaan nie.

Memoriserings van skrif

Liedere is 'n wonderlike manier om die Woord van God te memoriseer—dink maar aan al die liedere wat jy as kind geleer het. Jy kan steeds die woorde onthou, maar soms gaan dit sukkelend met Bybelverse wat sonder melodie geleer is.

Sing is 'n opdrag van God

Die woord "Prys" verskyn ongeveer 260 keer in die Bybel, "sing" 150 keer en "aanbid" (wat dikwels ook sang beteken) 180 keer.

Sing is goed vir 'n mens

Wanneer iemand sing of 'n instrument bespeel, is die hele brein daarby betrokke. Wetenskaplikes verwys daarna as 'n "volledige breinoefening". Dit

verander die brein en bevorder breinfunksies soos memorisering, konsentrasie, emosionele uitdrukkingsvermoë—die voordele is oneindig. Al hoe meer mense besef die waarde hiervan in 'n KI - oorheersende era.

Die mens skei ook *dopamien* af tydens sang wat die "goed-voelhormoon" is. 'n Mens kan jouself letterlik uit 'n slegte bui uit sing, dus deur God te prys, fokus jy jou gedagtes op Hom en Hy het jou so gemaak dat jy ook *fisies* beter gaan voel as jy sing en dat jy ook helderder kan dink.

Sing is die basis as van alle musiekmaak:

Musikante hoor musiek in hul kop, deur dit te sing en dan op hul instrument te speel. Luister doelbewus na musiek—nie as 'n agtergrondvuller nie. Moenie die heeltid musiek by die huis speel terwyl jul eet of kuier nie—dan leer die kind om net die klank te ignoreer en af te skakel: so 'n kind sal eendag in 'n ruimte instap en nie eers waar-neem dat daar nie stilte is nie, maar wel musiek, wat kuns is, en wat iets probeer kommunikeer.

Johanna wil dit maklik maak:

Ek wil graag al die Liedboek se kinder-vriendelike liedjies laat opneem, en ouers sal dan toegang daartoe op hul fone hê, deur byvoorbeeld *YouTube* of *Spotify*. Hulle kan saam met hul kinders sing op pad skool toe of saans om die etenstafel. Daarvoor het Moederkerk befondsing nodig – kontak my asseblief as jy dit wil ondersteun, by

sprankelsnare@gmail.com

Generasies moet weer saamsing

Die jeug sing deesdae 'n musiektaal wat hul grootouers nie ken nie—dit bring geloofsverwydering tussen generasies en vorm soms 'n kloof in verhoudings. Die jonger geslag moet respek leer en waardering vir die ou liedere hê. Ookmoet daar by hulle 'n belangstelling in hulle agtergrond en geskiedenis gekweek word.

Skaf sommer vandag 'n Liedboek aan

Dis regtig 'n wonderlike versameling en kosbaar om saam as gesin of kleingroep daaruit te sing.

Johanna Roos

Kleuterbediening by Moederkerk Stellenbosch

Die kleuterbediening by Moederkerk Stellenbosch beleef tans 'n wonderlike groeityd, en dit is iets om oor bly te wees! Twee lekker, gesellige klassies — een in die Hofmeyrsaal en 'n gekombineerde kleuter- en graad R-klas in die Kerkhuis — het die afgelope paar maande mooi gegroei. Party Sondag is daar tot 20 voorskoolse kinders in elke klas!



Wanneer jy by een van die klassies instap, voel jy sommer dadelik die vrolike en warm atmosfeer. Die kleintjies word met groot glimlagte verwelkom, en ouers is meer as welkom om saam te kom sit en die oggend saam met hul kinders te beleef. Dit maak dit vir baie jong gesinne net 'n bietjie makliker om die eerste tree kerk toe te gee.

In die klassies leer die kinders op 'n lekker, speelse manier van bekende Bybelkarakters, van Noag en sy ark tot klein Dawid wat vir Goliath aangedurf het. Deur stories, speletjies en kleurvolle handwerk leer hulle meer van die Bybel en van God se liefde. En



natuurlik is daar ook lekker baie sang! Die eenvoudige, vrolike liedjies word sommer vinnig deel van die kinders se week, en dikwels sing hulle dit later by die huis ook.

So word die eerste saadjies van geloof reeds vroeg gesaai: deur speel, sing, stories en die warmte van mense wat regtig vir hulle omgee.

Die groei in getalle is 'n baie bemoedigende teken dat jong gesinne hul pad na die kerk vind. Die span vrywilligers is baie dankbaar vir elke nuwe gesiggie en verwelkom elke kind met op arms. Meer kinders beteken natuurlik ook meer energie, gelag en lewe in die klassies!

As jy self 'n kleuter het, of grootouers, familie of bure ken met voorskoolse kinders, vertel hulle gerus van hierdie twee lekker plekke waar kleintjies elke Sondag welkom is om te speel, te sing en meer van Jesus se liefde te leer.

Anele Horn





Gemeentebld se
foto's uit 2010:

Links:
'n Nuwe sort
kerktoring

Regs:
Kinders kom
uit die kerk op
pad na
Kategese



Die Akkerklub



Hello Maats

Dinge verander oor tyd. Ons is nou in 2026. Die Moederkerk se *Gemeentebld* kom al van ongeveer 2002 of 2003 af. Destyds was dit net 'n swart-wit gedrukte blaadjie. Deesdae kan julle die blad op die internet lees, in volle kleur. Hierdie woordsoekspeletjie dateer uit Oktober 2009. Die kinders wat dit met 'n potlood of pen op die agterblad probeer invul het, is nou al groot, het moontlik self kinders. Om dit nou op 'n rekenaarskerm te doen, is baie moeiliker. Kyk of jy dit kan regkry, of vra dat iemand dit vir jou uitdruk.

Dis nou minder as twee maande voor Kersfees! Dié storietjie help julle om solank daaraan te dink. Liewe Jesus is mos altyd by ons!

Groete,

Chippie



Paidion-pret

Lukas 2:2-14



V	B	X	E	E	R	S	T	E	L	I	N	G	S	E	U	N	H
A	C	G	F	L	M	W	G	Q	C	R	V	A	C	Y	T	L	M
N	M	N	R	H	S	A	A	H	D	T	U	V	A	Y	C	E	
D	J	O	S	E	F	N	L	E	R	O	B	D	D	A	D	E	N
A	U	N	F	R	G	G	I	R	I	E	R	H	K	A	I	V	I
G	D	L	D	E	M	E	L	B	S	K	I	N	D	R	N	E	G
Q	E	O	A	P	A	R	E	E	T	E	N	T	G	D	G	L	T
R	A	S	W	T	R	X	A	R	U	Y	G	Z	A	E	B	D	E
S	C	B	I	D	I	E	F	G	S	H	I	J	K	R	G	O	D
K	L	E	D	B	A	N	G	M	H	E	M	E	L	N	E	G	P
A	Q	T	Z	S	K	A	A	P	W	A	G	T	E	R	S	E	R
P	S	L	H	O	O	G	S	T	E	T	O	U	N	V	K	S	P
E	G	E	B	O	R	E	W	X	A	C	E	Z	G	Y	Y	K	R
B	D	H	U	I	S	E	H	L	K	R	I	P	E	F	N	R	Y
G	V	E	R	L	O	O	F	D	E	I	E	J	L	M	O	I	S
N	P	M	R	B	L	V	D	S	K	A	P	S	X	A	D	K	Y
H	E	E	R	L	I	K	H	E	I	D	Z	A	V	R	E	D	E
B	C	V	E	R	L	O	S	S	E	R	F	T	E	K	E	N	D
W	E	L	B	E	H	A	E	A	M	N	A	S	A	R	E	T	S

Kyk na die blok hierbo. Vind al die onderstreepte woorde in die storie (woorde kan dwars of af loop):

4. Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. 5. Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. 6. Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. 7. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. 8. Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. 9. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. 10. Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is. 11. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! 12. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." 13. Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: 14. "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"